Baanbreker Kleuterskool

Registrasienommer : 1999/020256/07

Kleuterskool	**:**	**072 155-4602**	**Posbus 191**
Naskoolsentrum	**:**	**084 668-4748**	**Boksburg**
Kantoor	**:**	**896-5122 / 8965126**	**1460**
Faks	**:**	**896-5122**	
E-pos	**:**	**baanbreker@mweb.co.za**	

10 November 2011 Omsendbrief no. 24/2011

Geagte Ouer

Neem asseblief kennis van die volgende:

☆ **<u>Hek vir Naskoolsentrum</u> :**

Die nuwe Naskoolsentrum-klaskamers is in gebruik, dus sal die kleuters smiddae in die klasse of die speelparkie wees. U kan gebruik maak van die klein hekkie (h/v Slater- en Oppermanstraat) om u kleuter smiddae by die Naskoolsentrum op te laai. Daar is genoeg parkering op die sypaadjie asook by die kerk. Lui die klokkie by die hek en een van die personeel sal vir u die hek oopmaak.

Die kleuters wat in die Naskoolsentrum is, se tasse sal smiddae by die Naskoolsentrum-klasse wees. Kleuters wat nie in die Naskoolsentrum is nie, se tasse sal op die gewone plek, by die onderste klaskamers, wees.

Indien dit in die middag voor 13:00 al begin reën, sal die kleuters nie in die Naskoolsentrum-klasse wees nie, maar sal hulle van die ander klaskamers gebruik maak tot die reën bedaar.

Ons versoek vriendelik dat u asseblief geduldig sal wees tot dié stelsel ten volle werk en enige haakplekke uitgeskakel word.

Indien u enige verdere vrae het, of meer inligting verlang, is u welkom om die Kleuterskool te skakel.

Vriendelike groete.

_____

T W HOFFMANN
HOOF